e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

1 Maart 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 5

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Jesus, U gaan voor – ons volg in u spoor

Dinsdag 28 Februarie 2012. 36 van die 39 Ringskommissies van die Nederduitsch Hervormde Kerk kom saam in die kerkgebou van Gemeente Wonderboom op uitnodiging van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Die Kommissie wil met die Ringskommissies en so met die Kerk praat oor die pad vorentoe. Ons sing saam, onder andere Gesang 505 – *Jesus, U gaan voor*.

Dr Daan van Wyk (jr), voorsitter van die Kommissie, verduidelik dat hulle na die Buitengewone AKV besluit het dat hulle wil loskom uit die spiraal van negatiwiteit wat vir 'n lang ruk die funksionering van die Kerk lamgelê het. Die Kommissie wil die Kerk begelei om weer hoopvol, positief en koersvas kerk van Jesus Christus te wees. Die Kerk moet 'n Bybels-Reformatoriese kerk wees wat hoor wat die Woord sê en dit ook doen.
U ken al ons lewenspaaie, al die hoogtes, dieptes, draaie. Kom en vat ons hand na die Vaderland.

Dr Daan sê dat die Kommissie gaan sit het en lank en diep met die Woord van die Here omgegaan het. Hulle het veral gewerk met 1 Petrus 2: 18-25. Ons reflekteer in klein groepe en in die groot groep oor hierdie teks. Iemand wys op ons roeping. Ons is geroep om aan God getrou te bly, om goed te bly doen, selfs as ons lyding verduur. Christus het hierin vir ons die voorbeeld gestel *sodat ons in sy voetspore kan volg*. In Christus se voetspore wil ons 'n dienende kerk wees wat hoop bring.
Laat ons selfs in donker dae altyd volhou sonder klae. Ons wil soms bly staan as U voorwaarts gaan.

Dr Wian Kloppers verduidelik vir ons van geloofskommunikasie. Dit kom daarop neer dat twee mense mekaar as volle mense ontmoet op grond van 'n vroeëre ontmoeting met God. Ons praat dan *met* mekaar omdat God *met* ons gepraat het. Ons praat nie net oor mekaar en oor God nie. Dr Wim Dreyer praat met ons oor hoe ons kerk moet wees, hier en nou. Hy verduidelik dat die Bybel die kerk beskryf as volk van God, as huisgesin van die Vader, as liggaam van Christus en as tempel van die Heilige Gees. Dis die gegewe gawe van God dat die kerk al hierdie dinge kan en mag wees. Ons ís dit – ons moet dit net meer en meer wórd.
Ons word vry van sondebande, van verslawing, skuld en skande. U is in beheer, ons Verlosser, Heer.

Ons hoor van stories van hoop. Van gemeentes waar daar groei is, waar daar mooi dinge gebeur. Die Hervormde Teologiese Kollege, onder dr Christo van der Merwe, stel 'n omvangryke, opwindende werksplan bekend. Ons hoor van die harde werk wat gedoen word om gesinne te bemagtig om weer die boustene van die kerk te wees. Ons hoor die uitdaging van Spreuke 24: 3: *'n Gelukkige gesinslewe kom nie vanself nie. 'n Mens moet hard daarvoor werk* (Die Boodskap). Iemand sê ons almal, gesinne, gemeentes, kerkrade, ringe, kerk, moet leer om uitnodigend gelowig te wees, nie uitdagend gelowig te wees nie.

Ouderlinge, dominees sê : *Daar is hoop. Daar is 'n plan. Ons weet wat ons moet doen. Ons moet terug na die Woord. Ons moet meer en meer kerk wees soos God wil hê ons moet wees. Ons moet in Christus se voetspore volg.*
Heer, U wat alles sien, leer ons sinvol dien.

Ds Etienne Fourie

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Anneline Geyer-Matthysen

Beroep aanvaar

- **Ds Anneline Geyer-Matthysen** van Kempton Park-Oos (deelsorg) na Kempton Park-Oos (volsorg)

Vakante standplaas

- **Gemeente Trichardtsfontein** is in die proses om ’n **volsorgpredikant** te beroep nadat die vorige predikant, ds Jan Rossouw, emeritaat aanvaar het. Predikante wat belangstel in ’n moontlike beroep daarheen, moet **voor of op 2 Maart 2012** hul name per e-pos stuur na **nhktrichardt@vodamail.co.za**. Hulle sal dan ’n bedieningsdokument ontvang met al die nodige inligting en wat voltooi en teruggestuur moet word voor of op 7 Maart 2012. Kontak die skriba, Gert Helberg, by 082 493 4552. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers ’n beroep uit te bring nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Ds Dirk van Rooyen

Ds Philip Prinsloo

- **Ds Dirk van Rooyen**, tans van Gemeente Carletonville en wat die beroep na die Belfast/Waterval Boven-kombinasie aanvaar het, is in die hospitaal opgeneem vir toetse nadat hy benoud begin raak het. Dit is moontlik weens ’n longprobleem. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.

- Die Hervormers in Namibië verwelkom **ds PR (Philip) Prinsloo** in die **Otjiwarongo/ Outjo-kombinasie**. Na die vertrek van ds Hans Britz na die Kuruman-kombinasie het die gemeentes ds Prinsloo genooi om met die bediening te kom help totdat ’n ander predikant beroep word. Hy sal gedurende Maart, April en Mei as brugpredikant daar werk.

- Gemeentes wat begin om hul **bedieningsplanne** voor te berei met die oog op die ringsvergaderings, of wat hulp nodig het met die opstel van ’n gemeentelike bedieningsplan, kan dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za** kontak om ’n gratis elektroniese kopie te bekom van sy handleiding vir gemeentes wat in Christus se voetspore wil volg. Dit is ook elektronies beskikbaar op die Kerk se webblad. Gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → Saam in diens.

- Die **SENTIK-boekwinkel** is op **Donderdag 1 en Vrydag 2 Maart gesluit** vir voorraadopname. Gemeentes moet asseblief kennis neem dat geen besoekers gehelp en geen telefoniese of ander navrae dan beantwoord sal kan word nie. U kan mev Susann van Zyl weer vanaf Maandag 5 Maart kontak by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**.

- Gemeentes word vriendelik uitgenooi om met hul **kategeseklasse** besoek af te lê by die **SP Engelbrecht-museum**. Dit is geleë in die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria te Du Toitstraat 169, Pretoria. Maak asseblief vooraf ’n afspraak met mev Ansie Joubert, by 012 321 7580 of 084 920 8723.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Enigeen wat beskik oor foto's en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, wat in 'n feesbundel opgeneem kan word, kan ds Werner Olivier kontak by 082 412 7144, 017 683 0067 of **werner.olivier69@gmail.com**.

- Neem asseblief kennis van **Gemeente Rietspruit se nuwe e-posadres**. Dit is nou **nhkrietspruit@gmail.com**.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Kaapstad**
  Sondag 11 Maart om 09:00
  50-jarige ampsjubileum van **prof Eddie Engelbrecht**
  Diens deur plaaslike predikant, ds Kathleen Smith
  Oudl Frits Smit namens Kommissie van die AKV
  Navrae aan ds Smith by **kathleen@adept.co.za**

- **Gemeente Bergsig: Paassangdiens**
  Sondag 25 Maart om 19:00
  Sanger Jan de Wet tree op tydens erediens
  Navrae aan Marie de Wet by 082 402 4170
  of **bergsignhk@gmail.com**

- **Gemeente Secunda: Dankdiens en Nagmaal**
  Sondag 15 April
  Na inwyding van saal en jeugkompleks (sien basaarinligting bladsy 5)
  Skakel 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) vir meer inligting

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Eeufeesviering**
  Sondag 22 April om 09:00
  Kerkgebou vanjaar 100 jaar oud
  Erediens en ete daarna
  Alle oudlidmate welkom
  Laat weet Gerda by 013 932 2929 (Di-Do 08:00-16:00)
  as u gaan bywoon

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  Sondag 13 Mei
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Maart, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 1 Maart: Di Yolandé Benadé (Westonaria) en Chantel Francis (beroepafwagtend)
  - Vrydag 2 Maart: Di Johan Delport (Wapadrant) en Etienne Fourie (Kempten)
  - Saterdag 3 Maart: Ds Faan Visser (siekte-emeritaat)

- Sondag 4 Maart: Di Johann Mouton (Koster) en Johan Smit (emeritus)
- Maandag 5 Maart: Di Jasper van der Westhuizen (Vryburg) en Wouter van Wyk (Verwoerdburg)
- Dinsdag 6 Maart: Ds Mariaan Delport (Sionspoort)
- Woensdag 7 Maart: Dr André Botma (Pretoria-Tuine) en ds Deon du Toit (Verwoerdburg)
- Vrydag 9 Maart: Di Koos Engelbrecht (emeritus), Carl Potterill (Kapelaan) en Louw van der Linde (Meyerspark)

Beplande vergaderings en besoeke

- Saterdag 3 Maart: ADV-besoek aan ring van Heidelberg
- Sondag 4 Maart: ADV-besoeke aan ringe van Pretoria-Noord en Vereeniging
- Dinsdag 6 Maart: Nagraadse Beurskomitee; Kuratorium
- Woensdag 7 Maart: Direksie van die Kinderhuise
- Donderdag 8 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 9 Maart: Kommissie van die AKV
- Donderdag 15 Maart: Komitee vir die Kerkargief en Biblioteek

Konserte en feeste

- **Sondag 4 Maart om 11:00: Jubileumkonsert**
  Orrelkonsert om Pieter van den Berg se 10de jaar as orrelis te vier
  Hervormde Kerk Pretoria-Oos (hv Dely- en Matroosbergweg)
  Toegang gratis
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441
  of aan Pieter by 072 041 3954

- **Gratis optredes vir Hervormde gemeentes**
  Nog enkele gratis optredes beskikbaar vir 2012
  Op soek na ’n gaskunstenaar vir jul gemeentelike funksies?
  Bespreek Thinus van Staden vir optredes
  Vir meer inligting en om te luister na sy musiek,
  gaan na **www.thinusvanstaden.co.za**
  Kontak Thinus by 084 589 7035 of **wysmydieson@gmail.com**

Kampe en wegbreke

- **Gemeente Lydenburg: Huweliksverrykingseminaar**
  2 tot 4 Maart
  By Floreat Riverside Lodge in Sabie
  Ds Thinus van Staden van Gemeente Montana is fasiliteerder
  (Thinus is besig met PhD in Gesinsbediening
  en is ’n Imago-verhoudingsterapie-fasiliteerder)
  Koste R2 200 per paar (sluit 3-ster-verblyf op oewer van Sabierivier,
  heerlike kos en uitstekende spreker in)
  Kontak ds Willie Botha by 082 786 3458 of **wbot@absamail.co.za**
  of Liesie by 013 235 3554, of **nhglydenburg@xsinet.co.za**

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek ’n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville: Klap-'n-Tekkie**
  Saterdag 10 Maart
  1, 5 en 10 km pretloop by Fonteinedal Pretoria
  R25 inskrywingsfooi vooraf, maar R30 op die dag
  Vir inskrywings en navrae kontak Elma by 082 954 7955
  (**ruelma@vodamail.co.za**) of Elna by 083 443 9373
  of besoek **www.klapntekkie.co.za**

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse
  Geborg deur FNB Tzaneen,
  AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
  VW Lannie Motors Tzaneen,
  en skenkings van lidmate en weldoeners
  Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: Ipad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

Basaars en markte

- **Vrydag 2 Maart: Gemeente Kaapstad: Jaarlikse Somerkosfees**
  Te Tygerberg
  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264 of **kathleen@adept.co.za**

- **Saterdag 3 Maart vanaf 09:00: Gemeente Bellville**
  Uitstalling van WP-veteraan-trekker-en-enjinklub
  Kom eet en drink iets lekker, kom kyk na ou trekkers en motors,
  kom kyk na ou versamelings, bring jou gesin en vriende
  en geniet 'n lekker outydse uitstappie
  Toegang R10 per persoon, voorskool gratis
  Kontak Hettie (083 785 1294) of Gert (083 761 4320)

- **Saterdag 14 April vanaf 09:00: Gemeente Secunda**
  Ingebruikneming van saal en jeugkompleks
  Lintknipseremonie en minibasaar
  Oudlidmate en belangstellendes welkom
  Vanaf 16:00 osbraai
  Verwittig sekretaresse by 017 632796 (Ma-Do 09:00-13:00) as u gaan bywoon

- **Woensdag 18, Donderdag 19 en Vrydag 20 April: Gemeente Vryburg**
  Gemeente beman 'n skoustalletjie
  Benodig 120 sakkies aartappels en 40 sakkies uie
  Is daar 'n groenteboer wat kan help?
  Asseblief teen 'n goeie prys of dalk as skenking
  Kontak ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 of 053 927 1379
  of **jpcvdw@lantic.net**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Vaalharts-kontreifees
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km

Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees
1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
4de prys: Naweek vir ’n gesin op ’n wildplaas – selfsorg
Wildplaas in Hartswater-omgewing
Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant
  2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
  Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of ’n slagskaap
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
  of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

- **AMANZIMTOTI**
  Luukse vakansiewoonstel te huur
  Reg op hoofstrand, met swembad
  2 slaapkamers (6 beddens)
  3 badkamers, luukse kombuis, DStv
  24-uur-sekuriteit, onderdakparkering
  Loopafstand van alles
  Vanaf R340 per dag
  Skakel 014 736 5149 (w) of 072 209 8809

ANDER NUUS

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
  - Brakpan
  - Krugersdorp
  - Potchefstroom
  - Vanderbijlpark.

  By die Pretoriakantoor is ’n pos vir ’n Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulp-maatskaplike-werker wat oor ’n geldige rybewys beskik. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Uitreikbybel nou ook in Afrikaans.** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika beskou dit as deel van sy taak om te verseker dat die Bybel, die werktuig wat die kerk benodig om sy taak te kan verrig, beskikbaar is. Ten einde die kerk en Christenorganisasies nog beter te kan dien, het die Bybelgenootskap ’n paar jaar gelede besluit om ’n spesiale goedkoper Bybel – ’n slapband, gedruk op papier wat goedkoper is as Bybelpapier – beskikbaar te stel. Dié Bybel is dus veral vir uitreike geskik. Uitreikbybels is reeds beskikbaar in Xhosa, Zulu en Engels, en verlede jaar is meer as 150 000 Uitreikbybels versprei. Die Afrikaanse Uitreikbybel 1983-vertaling is pas gepubliseer, en kerke en Christenorganisasies kan dit **teen slegs R25 per eksemplaar** van die Bybelgenootskap bekom. Gaan gerus na **www.bybelgenootskap.co.za** → die woord en jy → koop aanlyn.

- **Ons plaas graag die volgende skrywe van die Bybelgenootskap. Predikante word versoek om, waar moontlik, die brief in hul gemeentes voor te lees.**

  Dit het pas onder die aandag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gekom dat ’n petisie per e-pos die rondte doen om mense te versoek om teen die Afrikaanse Bybelvertaling wat tans onderneem word, op te tree. Die rede wat aangevoer word, is dat die vertaling Jesus Christus, die Seun van God, as ’n gewone mens omskryf.

  Die BSA wil hom ten sterkste teen hierdie e-pos uitspreek aangesien dit **van alle waarheid ontbloot** is, en beskou hierdie aantyging in ’n baie ernstige lig.

  Ek wil dit baie duidelik stel dat vir die Bybelgenootskap en die vertalers die geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, ononderhandelbaar is, en ons sal nooit, soos die e-pos beweer, die Godheid van Christus misken nie. Sodanige bewerings tas die integriteit en geloofsoortuiging van die Bybelgenootskap en die vertalers aan.

  Ons vind dit uiters ontstellend dat mense sulke oningeligte aannames per e-pos versprei en ervaar dit as blatante verdagmakery. Besoek asseblief die webtuiste van hierdie vertaling **www.nuwekerkbybel.co.za** vir die korrekte inligting.

  Die vertalers van hierdie bronteksgeoriënteerde vertaling eerbiedig die Nuwe-Testamentiese verstaan van bepaalde gedeeltes in die Ou Testament en aanvaar onomwonde die Ou Testament as deel van die Christelike Bybel. Daarom is byvoorbeeld besluit dat in al daardie gevalle waar die Nuwe Testament aandui dat ’n teks uit die Ou Testament na Christus verwys, daardie teks in die Ou Testament met ’n voetnoot gemerk sal word. In die Nuwe Testament sal daar na die betrokke Ou-Testamentiese gedeelte terugverwys word.

  Lesers word dus vriendelik dog dringend versoek om die e-pos te staak en om te help om hierdie saak met die korrekte inligting reg te stel.

  Die BSA is sedert 1820 betrokke by en verantwoordelik vir betroubare Bybelvertalings in al 11 tale van ons land en sal nooit die betroubaarheid van die Goeie Nuus ondermyn nie.

  Ds Gerrit Kritzinger
  Uitvoerende Hoof, BSA

- **PRINSHOFSKOOL VIR GESIGGESTREMDES**
  (Een van die TOIBO-skole)
  Konsert met Michelle Veenemans en ander
  Soliste van Prinshof
  Sondag 11 Maart om 15:00
  Musaion, UP (lokaal geborg deur UP)
  R70 (seniors, studente en kinders)
  R80 (volwassenes)
  Bespreek by Marie Hoogenraad by 012 804 3299

- Prof Andries van Aarde, voorsitter van die direksie van die **To Care Foundation**, besoek op Sondag 4 Maart verteenwoordigers van die ringsdiakensvergadering van **Vereeniging**. Die ringsdiakensvergadering het al die gemeentes in die ring genooi om betrokke te raak by die Caritas-projek, wat nou met die Ondersteuningsraad saamwerk. Hulle het onder meer planne om ’n plek van versorging vir bejaardes te vestig en om grond te bekom vir die oprigting van ’n skool in die gemeenskap. To Care sal Caritas bystaan met aansoeke vir die finansiering van hierdie projekte.

- **ADVERTENSIES waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies, ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287, Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

’n Positiewe vergadering

Die inligtingsvergadering wat op Dinsdag 28 Februarie by Gemeente Wonderboom plaasgevind het, het die teenwoordiges met nuwe hoop vervul. Ons is gereed om in Christus se voetspore te volg.



Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx